

THEART OF RESEARCH



Balans is die sleutel

'n Vaginale probiotikum kan bakteriële balans herstel en vroue se lewensgehalte verbeter


Anika Chicken is 'n MSc-student in Mediese Virologie aan die Universiteit van Kaapstad.

ORCID ID:

<https://orcid.org/0000-0001-6166-6269>

Further information:

<http://passmore-lab.org.za/>



'n Probiotikum kan reproduktiewe gesondheid herstel by vroue wat aan bakteriële vaginose ly.

Ses uit 10 Suid-Afrikaanse vroue ly aan bakteriële vaginose. Bakteriële vaginose is 'n wanbalans tussen goeie en slegte bakterieë wat in die vroulike genitale kanaal leef. Dit kan met 'n groter risiko vir talle seksueel-oordraagbare infeksies, insluitend MIV, verbind word.

Die huidige behandelingsmetodes lei dikwels tot 'n kortstondige oplossing van die simptome, maar by die meeste vroue kom dit herhaaldelik voor. 'n Konsortium navorsers uit Afrika, genaamd VMRC4Africa, in samewerking met navorsers in die VS, werk tans daaraan om 'n vaginale probiotikum te produseer.

“Hierdie vaginale probiotikum sal een van die toekomstige instrumente wees waarmee bakteriële vaginose in ons gemeenskappe bekamp sal word,” sê Anika Chicken.

'n Probiotikum bevat goeie bakterieë wat sal help om die balans van bakterieë in die vaginale kanaal te herstel. Een van hierdie bakterieë wat by gesonde vroue geïdentifiseer is, is *Lactobacillus crispatus*. Die navorsers het hierdie bakterie plaaslik en internasionaal by jong vroue met optimale vaginale mikrobiota geïsoleer, en doen die volgende stappe om te verseker

dat vroue in die nabye toekoms by hierdie probiotikum sal baat vind.

“Ons hoop dat as ons die vaginale balans met behulp van probiotika kan herstel, kan ons die las van bakteriële vaginose in ons gemeenskappe verminder en sodoende ook die getal seksueel-oordraagbare infeksies verminder.”

Sonder die ondersteuning van befondsers en die regering om die koste van hierdie behandelingsopsie te verlaag, kan Suid-Afrika vroue om finansiële redes van toegang tot hierdie behandeling uitgesluit word.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

